# Harties NG Poortbode



Oorvloedige LOF

**Prediker: Ds. Johan de Wet** **Teks: Johannes 1 :1 - 4**
**Datum: 14 Januarie 2024** **Tema: Die lig vir 2024**

## gemeenteprogram

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Sondag | 14/01 | 09:00 | Erediens | Kerkgebou |
| Dinsdag | 16/01 | 18:00 | L • I • F • T | Jeugsentrum |
| Woensdag | 17/01 | | SKOLE HEROPEN | |
| | | 09:00 | Seniorbybelstudie | Feeslokaal |
| Vrydag | 19/01 | 06:00 | Mannebiduur | Kerkgebou |

## TIENDEMAANDDANKOFFER



Ons het elkeen nog tot 29/2 geleentheid om ons dankbaarheidsoffer vir God se onverdiende seën, wat Hy oor ons uitstort, vir Hom te bring. Koeverte is by die deure of in die week by die kerkkantoor beskikbaar







Lidmaatskap: Angie: 012 253 1991 x 100 E-pos: kantoor@hartiesng.org
Poortbode: Marianne: 012 253 1991 x 106 E-pos: komm@hartiesng.org
Kantoorure: Ma - Vr: 08:30 - 12:30 Web: www.hartiesng.org

# Heilsmuur

## 6. Geloof: Gered van die ewige dood. Lukas 23: 39 - 43

1. Op die plek wat Kopbeen genoem word, het hulle Jesus en twee misdadigers gaan kruisig.
2. Jesus sê in vs.34: "Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."
3. Die soldate en selfs die een misdadiger langs Jesus, het Jesus met die woorde bespot: "Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is, wat deur God uitverkies is."
4. Terwyl die een misdadiger langs Jesus die spot dryf, wend die ander hom tot Jesus: "Dink aan my wanneer U in U Koninkryk kom." Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees."
5. Dankie, dat U hulle, wat hulle tot U wend, red van die ewige dood. Amen.

# GEBEDSVERSOEKE:

*Watter troos, dat die Here ons elkeen by die naam ken en dat die Heilige Gees ons versugtinge aan God bekend maak. Ons dra mekaar op ons gebedshande en bid vir elke lidmaat se beskerming en God se oorvloedige genade en seën.*

1. Marlene Nel: sy is in die hospitaal opgeneem. Dit gaan nie goed met haar nie.
2. Ben Naudé: hy sien die internis op 23 Januarie om te bepaal wanneer hy geopereer kan word.
3. Oom George Richter: ons innige meegevoel aan sy gesin en familie met sy afsterwe afgelope Donderdag. Ons bid dat die Here hulle in sy liefdesarms sal toevou en self die Trooster sal wees. Die begrafnis is Woensdag 17/1 om 11:00 vanuit ons kerk.

**Wendy Barnardo 072 1596 777 / 012 259 0104**

# HARTKLOP

Bedieningsleiers, projekleiers en lidmate:

Enige nuus/planne/behoeftes oor jou bediening kan jy met graagte verwoord en in die Hartklop laat plaas. Lidmate met 'n storie of getuienis is ook baie welkom om jou skrywe te stuur vir plasing. Foto's in jpg-formaat is natuurlik baie welkom. Stuur asb voor Woensdag 17/1 per e-pos na komm@hartiesng.org

## HARTIES NG KERK

# L·I·F·T

Love in fellowship and truth

BYBELSTUDIE
20 - 40 jariges

'n Groep onvolmaakte indiwidue, wat glo in 'n volmaakte God.
Hier deel ons die Woord, luister na God se stories en bespreek hoe ons dit in die alledaagse lewe kan toepas.
En natuurlik kuier ons lekker saam!

**Elke Dinsdag**
**18:00 vir 18:30**
**Jeugsentrum**
**Kontak: Dawie by 079 715 3342**

## *Gesellige Saamkuier*

**Sondag 14 Jan 2024**
Kobus en Celeste
**Sondag 21 Jan 2024**
Hannatjie en Landi

Indien jy graag by die bediening wil betrokke raak, kontak asseblief vir:
**Lee-Ann: 073 817 0323**

Ons beskuitblikke vir die nuwe jaar is leeg. Indien jy kan help deur self beskuit te bak of te skenk, sal dit opreg waardeer word. Baie dankie byvoorbaat.

## Bankbesonderhede:

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: Dankoffer

## KERSSANGDIENS FOTO'S

Indien jy met ons kerssangdienste foto's geneem het, sal ek dit opreg waardeer indien jy dit asseblief vir my per whatsapp na 072 818 2774 sal stuur.

## Seniorbybelstudie

**Woensdag 17/1**
**9:00**
**Feeslokaal**

*Lidmate word hartlik uitgenooi om in te skakel.*

## ALLE OUERS

Ons vra dat jy asseblief sal aansluit by die whatsapp-groep van jou kind se kategesefase.

Daar is ook tydens verlede week 'n skakel uitgestuur, waarmee jy jou kind/ers vir 2024 se kategese kan registreer.

Ons vra jou vriendelike samewerking asseblief - dit vergemaklik ons administrasie baie.




**Kuier-en -Kersmark 2023**

Dit is met die grootste dankbaarheid teenoor die Here dat die kerkraad kan bevestig dat die mark 'n wins van **R360 000** getoon het. Aan ons God Drie-enig al die eer!

# JEUG WA-GROEPE

Voetekerk

Juniorkerk

Seniorkerk